

LUKAS 16 (1) - GOD SE PLAN MET JOU

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

Tema: GOD SE PLAN ... DAT DIT MET JOU GOED MAG GAAN

SKRIFVERWYSINGS IN HIERDIE LESING

LUKAS 16: 8 En die heer het die onregverdige bestuurder geprys, omdat hy verstandig gehandel het; want die kinders van hierdie wêreld is verstandiger teenoor hulle geslag as die kinders van die lig.

LUKAS 16:9 En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.

HEBREËRS 13:20 Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode terugbring het,

HEBREËRS 13:21 julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlijkheid toekom tot in alle ewigheid! Amen.

PSALM 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.

-o0o-

Laat my asseblief toe om iets met julle te deel wat in hierdie jaar, 2025, al baie keer opgekom het. Ek het vir die Here gevra wanneer die regte tyd sal wees om hierdie gedeelte met die liggaam van Christus Jesus te deel. Dit het baie keer in kursusse, persoonlike gesprekke en ook in ander leringe opgekom.

Lukas 16 het net herhaaldelik op- en vorentoe gekom.

Op hierdie stadium voel ek dat dit nou die regte tyd is om hierdie brood vir julle te breek, sodat julle kan verstaan wat God se plan is. Dit is nie my plan nie en ook nie die bediening se plan nie.

- Dit is God se plan vir elke kind van God op aarde.
- Dit is Sy doel en Sy lewensideaal vir jou.
- Dit is deel van Sy volmaakte raadsplan dat dit met jou goed mag gaan.

Gaan kyk gerus in die Skrif hoeveel keer wil die Here hê dat dit met jou goed moet gaan. Die Here wil hê dat die duiwel se planne en verwoesting prosesse geen effek op jou lewe het nie.

- Ons kan dit nie weg wys nie en ons kan nie daarteen rebelleer nie.

1. WORD STIL VOOR DIE HERE

My werk is om te sorg dat jy manna, brood, op die tafel het. As jy nie tevrede is met die brood nie, dan is dit nie my saak nie. Jy moet dan regtig jou houding met die Here gaan verklaar en bietjie by die voete van die Here gaan sit. Ek gee dit vir jou met 'n hart van 'n vader, sodat dit met jou goed kan gaan.

In die woestyn-tyd, het die Here hierdie goed alles vir my geleer. Ek moes dit op 'n baie harde manier leer. Daarom leer ek dit vir jou vandag met die vrug wat in my lewe is, sodat jy die vrug in my lewe kan

-o0o-

sien. Dit is nie omdat ons geld wil hê nie, maar sodat dit met jou goed kan gaan, soos wat dit met jou siel goed gaan, sê die Here in Sy Woord. (3 Joh 1:2) Dit is my hartklop, my hartsbegeerte en my wens vir jou. Dit is waarom ek hierdie gedeelte in Lukas 16 met jou wil bespreek.

Waarskynlik sal die aanvang van hierdie hele skrifgedeelte jou miskien laat skrik. Vroeër hierdie week het ek gepraat van die tiendes en so aan. ([Verwys Webblad](#)) Daar was mense wat baie dankbaar was oor wat ek gesê het. Daar was ander wat so 'n bietjie ongelukkig was, hard gepraat het. Miskien het ek op tone getrap, dan moet ons maar gerus hand in eie boesem steek. Onthou, ek sê hierdie goed in die gesag waarin God my geplaas het en onder die gesag van die Heilige Gees. As die Heilige Gees jou so 'n bietjie skud, moet jy nie by my die fout kom soek nie; gaan soek dit maar by jouself.

2. WÊRELD SISTEME FLOREER

Die probleem lê hier.

Ons begin met die laaste gedeelte van **Lukas 16: 8** *want die kinders van hierdie wêreld is verstandiger teenoor hulle geslag as die kinders van die lig.*

Die *kinders van hierdie wêreld* is die ongelowiges. Die ongelowiges is *verstandiger teenoor hulle geslag as die kinders van die lig*. Dit is nie ek wat dit sê nie. Dit is die Bybel wat dit sê.

Hoekom gaan dit met organisasies, soos die Lions Klub en al hierdie wêreldse organisasies, so goed? Kom ons vat Suid Afrika se Gift of the Givers. Dit is heeltemal Moslem georiënteerd. Daar is geen Christus Jesus êrens in daardie situasie nie, maar kyk hoe goed gaan dit met hulle! Kyk hoeveel werk kan hulle doen. Dit is net vir die eenvoudige rede dat hulle is, sê die Bybel, *teenoor hulle geslag as die kinders van die lig*.

Hoe verstandig is jy regtig? Die leringe van "Wat is verstand" en "Wat is Wysheid" is op ons webwerf. Julle kan die leringe deurgaan.

Hoekom sê die Bybel dat die mense van hierdie wêreld verstandiger is as die kinders van die lig? As ons na die wêreld se mense gaan kyk dan lyk dit regtig asof dit met hulle beter gaan as met die kinders van die lig. Gaan kyk maar na die besigheidswêreld. Die mense wat in die sake wêreld is, sal presies weet waarvan ek praat. Die kinders van die wêreld se besighede lyk asof daar geen teenspoed is nie. Hulle gaan aan en hulle kry reg wat jy, as kind van God, nie kan reg kry nie.

Ek weet hoe moedeloos sommige kinders van God al is. Hulle kom nêrens reg nie, want die wêreld se instansies druk hulle dood. Vrymesselary en al hierdie goed druk hulle dood, net omdat hulle regverdige lewens lei. Dit is nie hulle skuld nie, maar die feit bly staan dat daar 'n stryd in hierdie wêreld is. Ons moet baklei om daardie stryd te oorwin. Kom ons vat die boere. Talle boere het al vir my vertel dat dit al so baie gereën het by ander plekke, maar by hulle het net 'n paar druppels geval. 'n Mens wonder dan, Here, hoekom? Dit is asof die wêreldse mense meer guns het in God se oë as ons, wat kinders van die God is.

3. GEESTELIKE OPVOEDING

Nee mense dit is nie so nie. Kom ek verduidelik vir julle.

- Dit is omdat die Here jou wil opvoed in Sy weë.

Jy is nie meer 'n babatjie of ongelowige wat elke dag melk wil hê, bors wil voed en al hierdie goed nie. Jy begin nou al volwasse raak en jy het nou al, soos die Engelsman sê, "a part to play".

- As jy Bruid van Christus Jesus wil word, het jy geestelike opvoeding nodig.
- Jy het verantwoordelikhede nodig.

Jy moet begin luister wat pa en ma sê. Jy moet die vuilgoed drom uitgooi. Jy moet allerhande dinge doen.

- Hoe hoër jou gehoorsaamheid, hoe hoër is jou geestelike verantwoordelikheid.
- Hoe meer betroubaar jy is, hoe meer kan jy vertrou word.

Ons doen dit in ons daaglikse lewe met ons kinders se opvoeding, maar as God dit met ons wil doen, dan huil en kla ons. Nee mense, ons moet regtig ons houding 'n bietjie verander. Kom ons gaan kyk waarom sê hy dat dit met die kinders van die wêreld beter gaan en is hulle verstandiger as die kinders van die lig.

4. SY WIL TE DOEN

LUKAS 16:9 En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang.

God het sekere goed in ons almal se hande geplaas. As ons kyk na die verbond, is die verbond Skepper, Elohim en mens.

HEBREËRS 13: 20 MAG die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode terugbring het,

Hebreërs 13: 21 julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen.

Hy sê dat God aan ons alles gegee het **om sy wil te doen**. Nie my wil nie.

- Ons moet God se Koninkryk op aarde uitbrei.

5. RENTMEESTERSKAP

Ja, jy moet lewe en bestaan. Ja, jy het 'n verantwoordelikheid teenoor jouself, maar pasop dat jy nie jou eie saad opeet nie. Ek het baie keer in die lewe gesien hoedat mense hul eie saad opeet.

In hierdie week het ek 'n oproep gehad. Dit was iemand wie by ons 'n paar jaar terug in Mosselbaai 'n kursus gedoen het. Hy is deur bevryding en het deur alles gegaan. Net daarna is sy pa dood en hy erf 'n hele klomp miljoen rand.

- Wat hy eerste moes gedoen het, was om vir God Sy tiende te gee.

God kon hom dan help met die ander gedeelte, maar hy het nie sy tiende gegee nie. Ek het nooit van dit geweet nie. Hierdie week bel hy my en sê dat hy nou letterlik soos die verlore seun in die varkhok sit. Hy het al daardie geld gespandeer op prostitusie, drank, dwelms en alles in die wêreld. Hy sit nou in hierdie wêreld met niks nie. Hy het nie eers 'n sent om vir my te bel nie. Dit is nou presies wat gebeur het.

- God het gegee en hy het dit wan spandeer.

6. GELD MANIPULASIE

God het vir ons alles gegee. God het vir ons Mammon gegee, wat Hy **die onregverdige Mammon** noem.

- Hy noem hom **die onregverdige Mammon** omdat hy geen genade aan jou betoon nie.

Moenie toelaat dat geld jou lewe regeer en manipuleer nie. Moenie toelaat dat geld van jou iets maak wat jy nie moet wees nie. Iewers in die skrifte is daar geskryf dat Hy nie vir hom soveel moet gee dat hy homself bo alles ag nie. (Sien voetnota: Deuteronomium Spreuke 30:8-9)

- Hy moet nie vir hom soveel gee dat dit sy persoonlikheid verander nie, maar ook nie te min dat hy moet gaan bedel nie. (Spreuke 30:8-9)

Here gee net vir my regverdig. Here gee net vir my genoegsaam. Daarom, hoe meer betroubaar jy is, hoe meer sal jy ontvang. Onthou dit is nie 'n kompetisie nie.

- Baie ouens het nie, omdat hulle nie betroubaar is nie.
- Dit is die gelykenis van die talente. (Matthéüs 25)

Ek het altyd vir die Here gevra waarom Hy die een vat en dit vir die een wat vyf het, gee. Ek het dit al telkens vir julle genoem. Waarom gee hy dit nie vir die een wat twee gehad het nie, toe sê die Here dit is, omdat hy nog nie alles kon hanteer nie.

- Die een wat vyf gekry het, kan dit alles tot in volwassenheid hanteer,
 - daarom gee Hy vir hom nog een by.
- Hy het 'n volwasse verhouding gebou.

Hy sê dat julle *vir julle vriende* moet maak *deur die onregverdige Mammon*. So, gebruik die *onregverdige Mammon*, wat genadeloos is.

- Die *onregverdige Mammon* moet nie vir jou beheer nie. Jy moet hom beheer.
 - Onthou, Mammon is een van die 5-punt sterre van Lucifer se tentakels. Ons moet dit nooit vergeet nie.

Mammon is daar. Hy is 'n realiteit en 'n werklikheid. Hy is in die lewe daar buitekant. Ongelukkig is dit so dat ek en jy, as kind van God, ook afhanklik van hom is. Ons kan nie verwag dat daar kraaie na die spruit gebring word net om my en jou onthalwe nie. Ongelukkig sal dit nie so gebeur nie. God kan dit doen, maar ek en jy het 'n verantwoordelikheid in die nuwe verbond om te presteer in Christus Jesus. Ons het 'n plek wat ons moet vervul, waar God ons elke dag sal toets om te kyk of ons doen of nie doen nie.

- Elke toets wat ons slaag is bevordering.

Wat moet hierdie vriende maak? Hierdie is 'n baie diep Woord.

-o0o-

AANVULLING

VERHOUDING BOU

Ek wil graag iets by die Woord voeg wat die Here vir ons gegee het. In my stilte tyd het die Heilige Gees vir my iets baie kosbaars gesê.

- Al hierdie dinge waarvan ons praat, gaan oor **verhouding bou**.

Die Here het vir my gesê dat daar geen mens op aarde is, wat enige volmaakte verhouding hoegenaamd, met enige iets het nie.

- Of dit met homself is;
- met sy vrou of haar man;
- met hulle kinders;
- familie;
- met jou dier;
- jou geestelike vader of geestelike moeder;
- met jou geld of
- jou tyd.

Dit maak nie saak nie. Al is dit met jou kar of 'n dooie instrument, het jy nog steeds daarmee 'n verhouding.

- Geen mens het eers een volmaakte aardse verhouding nie.

-o0o-

- In alle aardse verhoudinge is daar 'n tekort.

Dit sluit dan aan by wat ek vanmôre gesê het. As jy nie eers in die klein dingetjies, in jou aardse verhoudinge, perfek is nie, hoe kan God ooit vir jou die hemelse verhouding met jou Hemelse Bruidegom gee? Dit het my so 'n bietjie geskok. Ek het net weereens besef hoe belangrik dit is dat ons daarna sal streef om 'n volmaakte verhouding met die Heilige Gees te hê.

- Die enigste manier wat ons dit kan doen, is deur totale toewyding en onderwerping aan die Heilige Gees.

Geen mens op aarde weet hoe om 'n geestelike verhouding te hanteer nie. Ons het nie 'n idee hoe om dit te begin nie. Ons dink ons moet maar Bybel lees, bekeer, Bybel lees en bid. Dit is baie dieper as dit. Ons probeer om die geestelike met die vleeslike toe te pas of te verwerk. Jy kan die twee nie eers vergelyk nie, want dit is twee verskillende wêreldes. Die enigste manier wat jy in 'n geestelike verhouding kan kom, is om die Heilige Gees volkome te vertrou. Dit is waar Psalm 32 vers 8 inkom.

1. ONDERRIG

PSALM 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.

Ek wil jou onderrig is nie so maklik nie. Baie van ons wil nie geleer word nie. Ons raak maar hardkoppig, want die vlees is nog daar. Ons word 'n bietjie aangeraak, aangespreek en op ons vingers getik. Ons ruk onself dan op, in plaas daarvan dat ons ons laat leer. Bestudeer die boek Spreuke en kyk hoeveel keer in die Woord word daar geskryf van 'n dwaas wat hom nie wil laat leer nie.

- 'n Wyse sal hom altyd laat leer en dankie sê vir die bietjie inligting wat 'n bousteen in sy lewe kan wees. Al is dit nie lekker nie, sal hy dankie sê.

Petrus is daarvan vir ons 'n perfekte voorbeeld. Daar is min manne van daardie tyd wat soveel foute gemaak het, soos Petrus. Tog was hy die rots waarop Christus die evangelie gestig het, net omdat hy elke keer die houe moes vat. Op 'n dag sê Jesus vir Petrus dat eendag, as hy hom bekeer, moet hy sy broeders versterk. Ek dink Petrus het amper van sy stoel afgeval, want hy het gedink dat hy die nommer een apostel was!

LUKAS 22: 31 EN die Here sê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif.

LUKAS 22: 32 Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.

- ♦ Ons moet onself, in die eerste plek, laat **onderrig** en laat **leer** op die pad wat ons moet gaan,
 - om daardie perfekte verhouding met die Heilige Gees te hê,
 - sodat Hy vir ons die Woord leer en dit aan ons openbaar.

2. RAAD

Ek wil raad gee; Daardie raad is nie altyd lekker nie. Dit is altyd 'n stryd tussen my wil en God se wil; die vlees teen die gees.

Dit is 'n stryery en 'n kompetisie. Dit is 'n daaglikse ding om jouself te sterf. Om daardie raad te aanvaar, is nie altyd so maklik nie. Soms moet ons maar diep sny en regtig die Here ten volle vertrou.

Toe die Here hierdie woord aan my openbaar het, het ek gedink aan die tye toe ek en Eleonor regtig bitter swaar gekry het. Sodra ons 'n paar rand gekry het, het die Here gesê ons moet dit net so vir iemand skenk. Ons het nog nie eers kans gehad om die geld te tel nie, dan het die Here gesê ons moet dit vir 'n sekere persoon gee. Ons moes dit op verdeel tussen mense. So het die Here ons geleer.

- Ons moes daardeur gaan, sodat ons kan weet waarvan ons praat.

Dit het nie net een maal gebeur nie, maar baie keer.

3. KORRIGEER

Daardie **oog sal op jou wees** beteken dat Hy gedurig daar sal wees om ons te korrigeer. Hy sal gedurig daar wees om ons reg te help in liefde.

- Nie om in die openbaar te veroordeel nie, maar om reg te help in liefde.

So ek gee dit net uit vir julle. Alles is daar om ons te leer van 'n geestelike verhouding met ons hemelse Bruidegom. Die hele Woord, die Heilige Gees en alles, is daar om ons te leer van 'n verhouding waarvan ons niks weet nie. Ons het geen idee hoe dit moet wees nie.

Dankie Here dat die Heilige Gees vir ons leer hoe om 'n verhouding met ons hemelse Bruidegom te kan hê.

Wanneer Hy kom, kan ons dan saam geneem word in Sy Liefde.

Mooi dag vir julle. Laat die Here julle seën

-o0o-

3 Johannes 1:2 Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan;

JESUS het die gelykenis van die talente vertel om Sy volgelinge te help om duidelik te verstaan wat hulle verantwoordelikheid is. Maar hierdie gelykenis is van toepassing op al Jesus se dissipels

GELYKENIS VAN DIE TALENTE

MATTHÉÛS 25:14 Want dit is soos 'n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou.

Mat 25:15 En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan.

Mat 25:16 En die een wat die vyf talente ontvang het, het daarmee gaan werk en vyf ander talente gewin.

Mat 25:17 Net so het die een wat die twee ontvang het, self ook twee ander verdien.

Mat 25:18 Maar hy wat die een ontvang het, het in die grond gaan grawe en die geld van sy heer weggesteek.

Mat 25:19 En ná 'n lang tyd het die heer van daardie diensknegte gekom en met hulle afgereken.

Mat 25:20 En die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring vyf ander talente en sê: Meneer, vyf talente het u aan my toevertrou; hier het ek vyf ander talente daarby verdien.

Mat 25:21 En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.

Mat 25:22 En die een wat die twee talente ontvang het, kom ook en sê: Meneer, twee talente het u aan my toevertrou; hier het ek twee ander talente daarby verdien.

Mat 25:23 Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.

Mat 25:24 En die een wat die een talent ontvang het, kom ook en sê: Meneer, ek het u geken, dat u 'n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie;

Mat 25:25 omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort.

Mat 25:26 Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg, jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar ek nie uitgestrooi het nie.

Mat 25:27 Daarom moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het.

Mat 25:28 Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het;

Mat 25:29 want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het.

-o0o-

Mat 25:30 En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en genres van die tande.

SELFVERHEFFING vs WANHOOP

'n Mens moet nie so voorspoedig of hoogmoedig moet word dat hy homself bo God en bo ander mense stel nie. In Deuteronomium en Spreuke word daar dikwels gewaarsku teen hoogmoed en selfverheffing. Byvoorbeeld, Deuteronomium 8:17–18 sê: **“Jy mag nie in jou hart sê: My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verwerf nie. Maar jy moet aan die Here jou God dink, want dit is Hy wat jou krag gee om rykdom te verwerf.”**

Die idee is dat voorspoed en seëninge nie bedoel is om 'n mens arrogant te maak nie, maar om dankbaarheid en nederigheid te kweek. **Spreuke 30:8–9** verwoord dit mooi: **“Gee my nie armoede of rykdom nie; voed my met die brood wat vir my bestem is, dat ek nie, versadig, U verloën en sê: Wie is die Here? of, arm, steel en die Naam van my God onheilig nie.”**

Met ander woorde, die Skrif waarsku dat te veel voorspoed kan lei tot selfverheffing en vergetelheid van God, terwyl te min kan lei tot wanhoop en sonde. Die balans lê in afhanklikheid van God en 'n nederige hart.

“Moenie dat geld jou hart beheer of jou verander nie. Bly nederig en tevrede met wat God gee, sodat jy Hom nooit vergeet nie.”

Salomo se houding teenoor rykdom is baie diep en gebalanseerd. Hy was een van die rykste mense ooit, maar sy wysheid wys dat hy die **gevaare van rykdom** goed verstaan het.

Sy wysheid oor rykdom

- **Prediker 5:10**
“Wie geld liefhet, kry nooit genoeg nie...”
👉 Rykdom bring nie ware tevredenheid nie.
- **Spreuke 11:4**
“Rykdom help nie op die dag van toorn nie...”
👉 Geld kan jou nie red of beskerm teen God se oordeel nie.
- **Spreuke 22:1**
“'n Goeie naam is verkieslik bo groot rykdom...”
👉 Karakter is belangriker as geld.

👤 Sy gebed oor rykdom

- **Spreuke 30:8-9**
👉 “Gee my nie armoede of rykdom nie...”
→ 'n Hart wat balans en afhanklikheid van God soek.

🌿 Opsomming van Salomo se houding

- Rykdom is **nie verkeerd nie**, maar gevaarlik as jy dit liefhet
- Ware rykdom is **wysheid, 'n goeie naam en 'n verhouding met God**
- Te veel geld kan jou **van God wegtrek**
- Te min kan jou **in versoeking bring**